

DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 39e Uitgawe 9 Mei 2014 saam met Koersvas 39



Die nuwe NHKA

Wat om te maak van die skaamtelose wegjaag en belediging van twee eerbiedwaardige voorlopers soos prof. Adriaan Pont en prof. Hennie van die Westhuizen? Ons moet die Kerk as mikro-RSA verstaan.

Suid-Afrika het verander, drasties verander. Suid-Afrikaners wat ouer is as 40 jaar het ten minste die helfte van hul lewens in een bedeling gelewe en die helfte in die nuwe bedeling. Hulle het 'n goeie verwysingsraamwerk in enige vergelyking wat getref word tussen die oue en die nuwe.

Die verandering het nie oornag plaasgevind nie. Dit is eintlik opvallend hoe lank dit geneem het vir die verandering om plaas te vind. Tog het alles stadig begin verander en die vaart van verandering het versnel.

Sommige van die verandering was drasties en ander klein. Sekere verandering was fisies en ander simbolies. Sommige verandering is deurgevoer en ander is aan die kom. Daar is geveg teen baie verandering. Sekere oorwinnings is behaal en baie keer moes weerstand die aftog blaas. Die mense wat die verandering deursoort, hou nie op nie. Soos die stryd rondom die naam "Pretoria".

Verandering is eintlik eie aan ons bestaan, niks bly dieselfde nie. Dit is verstaanbaar dat mense verandering so sal bestuur dat dit by hulle verstaan inpas. Bitter min van die verandering in die RSA is deur mense anders as die mense aan bewind ingebring.

Die nuwe onderwysstelsel moes breek met die oue en die nuwe ideologie weerspieël. Nuwe leerplane en nuwe onderwysbenaderings is afgedwing. Nuwe geskiedenisboeke is geskryf. Eintlik is die hele geskiedenis herskryf en helde en

opofferings vanmelee het skurke en wandade geword.

Strate en stede se name is verander en hernoem na die rits nuwe helde wat vereer moes word. Terroriste het vryheidsvegters geword en soldate het onderdrukkers en marionette van 'n "bose regime" geword.

Dit is nie net die onderwysstelsel wat verander het nie, alle stelsels en regeringsstrukture het verander. Uit met die oue en in met die nuwe. Dit is ook die mense wat lojaal is aan die stelsel wat beloon word met hoë poste.

Dubbelle standaarde is aan die orde van die dag, soos dit maar is met enige ideologie wat deurgevoer word. Die reëls word gebreek of gebuig soos dit die nuwe meesters pas. Nkandla word verdoes, geregtig of die verslag word as die propaganda van bese ontevrede witmense afgemaak. Vriende van die beleidmakers word op mediese parool vrygelaat sodat hulle saam met maters kan Selebreer terwyl 'n ander gevangene met terminale kanker, na drie insidente van geweld teen hom, in die tronk moet bly sit.

Die Skietlood wil nie in te veel besonderhede op al hierdie vergrype ingaan nie. Die klem is ook nie op al die verandering nie, sommige van hulle baie onaangenaam. Die voorbeelde word genoem om aan te dui hoedanig nuwe mense "in beheer" alles verander het na smaak. Die flagrante minagting van reëls, die dubbele standaarde en die bevoordeling van eie mense en agendas is tog duidelik. Ons moet die verandering raaksien as resultate van 'n sekere ideologie. Dan sal ons iets kan verstaan van wat aan die gang is in die NHKA.

Anders as in die RSA, is daar nie 'n duidelike bewindoorname in die NHKA aan te dui nie. Daar is tans 'n groep in beheer wat teologiese en ideologiese verwyderd is van hulle voorgangers en die gewone

lidmate. Kom ons staan vir 'n oomblik by bloot menslike perspektiewe stil. Enige argument oor die leiding van die Heilige Gees (van beide kante) sal emosioneel en manipulerend wees.

Die beswaar dat niks in die NHKA verander het nie en dat gemeentes aangaan soos in die verlede moet gewees word teen die veranderinge wat reeds ingetree het. Die veranderinge gaan al hoe vinniger, al hoe meer drasties plaasvind. Die eerste Inligting en Besprekingsgeleentheid van 2014 is genoeg bewys dat die grond voorberei word vir nuwe strukture. Die Skietlood hoop om uit die veranderinge aan te dui dat daar 'n nuwe teologiese groep in beheer is en dat die NHKA gaan bly verander totdat dit aan hulle hersinsbeeld gelyk is.

Die eerste veranderinge is reeds sigbaar. Vir sommige mense lyk dit asof dit min, klein en onbelangrike veranderinge is. Ander sien die gevaartekens raak, maak alarm en betaal die prys.

Daar is sekere optredes van die 69e AKV se Kommissie wat dui op 'n gedeeltelike oorname. Daar is reeds wyd daaroor gepraat en geskryf. Die 70e AKV is die geleentheid waar daar 'n volle bewindoorname plaasgevind het. Die volgende feite en gebeurtenisse illustreer dit.

Die mosie dat alle ampsdraers wat steeds Hervormers is of sH ondersteun en predikante en ouderlinge wat die Staat van Belydenis onderteken het, nie sitting mag neem nie, is 'n kerkordelike onding. Die feit dat die mosie aanvaar is, is 'n vergryp wat latere Kerkgeskiedenis studente skripsies oor sal skryf. Deur die mosie en verdere optrede tydens die AKV is die teologiesbehoudende standpunt gedemoniseer. Lidmate moet onthou dat hulle eie predikante en ouderlinge deel van hierdie gebeurtenis was. Die troos wat aan die ampsdraers gegee is, is dat hulle die amp verteenwoordig en nie die gemeente nie. Gebruik die regte inligting wanneer dit jou pas.....

Elke nuwe bewind het sy eie helde en raak ontslae van "bedreigings" van binne. Die nuwe KommAKV het die instel van die Albert Geysers gedenklesing goedgekeur en laat plaasvind. Nie eens die 69e KommAKV wou dit doen nie. AS Geysers is skuldig bevind aan dwaalleer in die sestiger jare. Hy het die opvolgende hofsaak gewen maar die NHKA het nooit anders oor hom besluit nie. Die gedenklesing ter ere van so 'n teoloog is net moontlik indien die oorheersende teologie van die persone wat aansoek doen en die persone wat dit goedkeur, dieselfde is (Dit is nou dosente en die 70e KommAKV wat voorheen behoudende predikante soos dss Kok en Geel insluit).

Twee van die belangrike rolspelers met die klag van dwaalleer (Geysers het die goddelikheid van Jesus bevraagteken en die studente het op Athanasius se belydenis gesteun) was 'n jong professor met die van Pont en 'n jong student, ene Hennie van der Westhuizen. Was die wraak soet?

Die onkerkordelike manier waarop die KommAKV besluit het om Proff HG van der Westhuizen en AD Pont van ampsvoorregte te ontnem, skreeu ten hemele. Teen alle beginsels van die Kerkorde in, is besluit dat hulle nie meer lidmate is nie en dat hulle nie meer predikante kan wees nie. Geen ouderlinge vergadering het so besluit nie, geen beswaarskrif is tydens broederlike gesprek bespreek nie, geen klag is na onsuksesvolle gesprekke ingedien nie, geen tugverhoor het plaasgevind nie. Die Kerkorde is gewoon ignoreer. Met die onwettige ontheffing van ds Johann Mouton het die 69e KommAKV darem die helfte van 'n Ordinansie gebruik, maar nou word die Kerkorde gewoon ignoreer. Net soos die regering van die dag alles plooi om hulle ideologie te pas.

Die stemme ten gunste van verandering word al hoe meer gehoor in die NHKA. Van kansels af word verandering bepleit, weerstand en teenstand word as steeds Hervormer inisiatiewe ge-etiket. Lidmate word tot oorgawe gedreig en die

intimidasie ken geen perke nie. “Julle wil tog net niks met daardie skeurmakers te doen hê nie.”

Die intimidasiewaarde van twee groot teoloë soos proff van der Westhuizen en Pont so astant die deur wys, moet nie onderskat word nie. Predikante soos drr Botma, Otto, Storm en dss Schoeman, Marais, Wolmarans, Eckardt en Oosthuizen (om net 'n paar te noem) het bedank omdat hulle eerste op die teikenlys was. Almal het gedink die emeriti sal gespaar bly. Nou sal almal in hulle spoor trap, so dink die bewindhebbende liberaliste en vrysinniges. Tyd sal leer.

Dit behoort uit die veranderings wat aangedui is, vir selfs die mees halstarrige van stadig-om-te-glo lojaliste duidelik te wees dat die winde van verandering reeds woed in die NHKA en dalk selfs stormsterkte bereik het.

Ons beweeg terug na 54/69 en stel dit weer onomwonde; die besluit om apartheid tot sonde te verklaar is net moontlik indien 'n **bevrydingsteologie** die oorheersende verwysingsraamwerk is. Dit wat die NHKA in 1983 verwerp het, het die Kerk nou nie net aanvaar nie, maar hou krampagtig vas aan 'n besluit wat aanduibaar *ultra vires (onregmatig)* is, soos ook die aanvullende besluit van die sogenaamde BAKV (wat eintlik die 69e AKV se buitengewone sitting is). Name word verander, Kerkordes verdraai, om te pas by die idees en gedagtes van die beleidmakers.

Die vraag kan met reg gevra word: “Wat het 'n Bondspublikasie te sê oor die NHKA?” Die steeds Hervormers en die Geloofsbond van Hervormde gemeentes bestaan uit Hervormers, voormalig en op-die-oomblik-nog. Dit is nie aangenaam om te sien hoe die behoudende Kerk wat met groot opofferings deur baie geslagte heen opgebou is, so verander word nie.

Dit is nie aangenaam om te sien hoe lidmate soms willens en wetens om die bos gelei word nie, en dit toelaat. Dit is nie aangenaam om verwerp te word deur

mense wat eintlik met jou saamstem en soos jy dink maar dit nie wil erken nie.

Die NHKA van 2014 is nie die NHKA van 1983 nie. Die grootste verskil is die **teologiese verskil**. Dit wat eens behoudend Skrifgetrou was, is nou vrysinnig en **ten dienste van die regering van die dag** en die humanistiese filosofie van die era.

Ons kry skaam dat eerbiedwaardige manne geteiken word in 'n poging om te verneder en te vernietig. Ons kry skaam dat lewens van diens en lojaliteit geoffer word op die wrede altaar van die nuwe mens ter wille veranderende NHKA.

Daar is 'n nuwe party aan bewind in die NHKA. Hulle sit duidelik stewig in die saal en hulle gaan hulle veranderings deurvoer, ten koste van ons kosbaarste skat, ons teologie. Hulle gaan die hofsake dryf in 'n poging om aardse toevallighede in te palm sonder dat hulle regtens enige aanspraak daarop het.

Wie dit nie raaksien nie, wil nie. Ouer lidmate moet hulself afvra of die beweging na 'n GHG gemeente die helfte so traumaties sal wees soos die veranderings wat aan die kom is. Waar wil jy staan? By die groep wat die naam NHKA het of die groep wat onbeskaamd staan by die teologie van die NHKA, sonder die naam? Hulle gaan nie anders met u maak as met die twee professore nie.